**Vier fees saam met God! Omgeegroepe 8-14 Februarie 2015**

1. **LIEF EN LEED**. Deel met mekaar met die oog op bemoediging en voorbidding en dankbaarheid.

2. **INGENOOI IN GOD SE RUS EN TYD**. Raak rustig in God se teenwoordigheid en bid saam.

3. **LUISTER NA GOD SE WOORD.** LEES SAAM LUKAS 14:15-24. Wat tref jou dadelik wanneer jy hierdie gelykenis lees ? Gesels saam daaroor. Veral ten opsigte van die nagmaal.

4. **LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD.** Hoe reageer die wêreld op die uitnodiging van die Here, soos ons sien in vers 17. Wat sou die rede wees dat die wêreld op bepaalde maniere reageer? Verstaan die wêreld hierdie uitnodiging van die Here?

5. **LUISTER WEER NA DIE WOORD VAN DIE HERE.** LEES WEER LUKAS 14:15-24 SAAM DEUR. Die gelykenis vertel hoe mense die feesvreugde van die Here mis, omdat hulle allerhande verskonings het om nie saam met die Here fees te vier nie. Die uitnodiging van die Here klink dwarsdeur die gelykenis! Kyk hoeveel keer jy dit kan raaklees. God het 'n begeerte dat ons saam met Hom sal feesvier. Dit is om saam met Hom vreugde te ervaar! Hoekom het ons dikwels so min van hierdie vreugde in ons lewe?

   LEES SEFANJA 3:17 en gesels saam daaroor. Het ons te gewoond geraak aan die uitnodiging na die Here se fees? Doen die Here genoeg moeite met hierdie uitnodiging? Wat bedreig God se uitnodiging in die gelykenis? Daar is 'n groot spanning in die gelykenis. Alles is gereed vir die fees! En dan staan daar die groot MAAR. Vers 18 begin met "MAAR…." Hulle begin die een na die ander verskonings maak. Gesels saam oor die "kwaliteit" van die verskonings wat gemaak word. Dit is tog almal goeie verskonings! Maar hierdie dinge word nou struikelblokke op pad na God se vreugde! Wat van hierdie verskonings maak ons blind? Wat is God se reaksie op al ons verskonings? Wat word in die gelykenis bedoel met "gaan uit" ? Wie moet na jou mening bereik word met die opdrag om uit te gaan? God wil nie hê sy feestafels moet leegstaan nie.

6. **FOKUS OP WAT GOD DOEN.** God se geesdrif is sterker as die weiering van die genooides. Hoe ervaar ons dit vandag nog in 'n wêreld waar genooides weier om saam met God fees te vier?

7. **ANTWOORD MET JOU LEWE.** Wanneer ons uitgenooi word om by die Nagmaal saam met die Here fees te vier, watter betekenis het dit vir jou? Hoe sou jy, na die fees van die nagmaal, wou gaan antwoord met jou lewe? Watter uitnodigings sal jy namens die Here aan mense wou rig ten opsigte van God, en feesvreugde by God? Waar sal jy dit prakties wou gaan doen?

8. **BID NOU SAAM** aan die hand van bogenoemde gesprek.

9. **BEVESTIG** weer diensbeurte en ander reëlings van belang.

**MAG ELKEEN VAN JULLE 'n GODGESEëNDE WEEK BELEEF!!!!!**